Sang

"Musiek is die universele taal van die mens. In musiek word alle emosies verwoord, word ' n taal gepraat wat vir geleerd en ongeletterd ewe goed verstaanbaar is."
- Franz Liszt

Doelwit: *Om 'n liefde en waardering vir sang by die Verkenner te kweek.*
Weergawe: *2007.0*
Datum: *Augustus 2007*

Begronding:

Voortrekkerkode:
1. 'n Voortrekker glo in die Drie-enige God en dien Hom.
4. 'n Voortrekker hou die taal en kultuur van die Afrikanervolk in ere.
5. 'n Voortrekker leer uit die geskiedenis van sy volk en bou die toekoms daarop.

ABC: Tydens die behandeling en afhandeling van die spesialisasie verkry die Verkenner die geleentheid om al drie die afdelings van die ABC te beoefen. 'n Waardering vir tradisionele volksliedjies word aangeleer en terselfde tyd skenk die Verkenner aandag aan die uitlewing en beoefening van positiewe Burgerskap. Dit alles word omvou deur die uitleef van sy Christelike waardes en beginsels aan die hand van gepaste musiek. Die Verkenner kry die geleentheid om 'n bydra te lewer tot die ontwikkeling van veral Afrikaanse musiek. Sodoende word daar ook uiting gegee aan die opdrag in die Woord van God aan die mens om jou talente te benut tot eer van Sy naam.

Aanbiedingsvereistes:

Tydsduur:	12 ure sang tyd	**Graadgroep:**	8 - 12
Voorvereistes:	Geen		
Aanbieding:	• Hierdie spesialisasie kan slegs in span-/groepsverband afgehandel word. • Dieselfde lied mag nie onder meer as een afdeling gesing word nie. • Die span/groep mag van musiekinstrumente gebruik maak. • Liedere mag meerstemmig gesing word. • Al die vereistes moet gedurende dieselfde toetssessie getoets word.		
Toekennings instansie:	Kommando		

Uitkomste:

Om die kenteken te verwerf moet die Verkenner die volgende liedere ken en kan saam sing:

1. *Die goedgekeurde liedere vir gebruik tydens seremonies:*
   - *1.1 Die Nasionale lied.*
   - *1.2 Die Stem (al vier verse).*
   - *1.3 Die Vlaglied.*
2. ***Ses** liedere uit die afdeling "Volk en Vaderland" uit die FAK-Sangbundel en/of uit die Voortrekkersangbundels.*
3. ***Drie** liedere uit elk van die volgende afdelings in die Voortrekkersangbundels:*
   - *3.1 Veld en natuur.*
   - *3.2 Voortrekkerwerk.*
   - *3.3 Kamplewe.*
   - *3.4 Vriendskap en liefde.*
4. ***Vyf** van die jongste populêre Afrikaanse liedjies.*
5. ***Vyf** volkspeleliedjies.*
6. *Ander liedjies:*
   - *6.1 **Twee** aksieliedjies.*
   - *6.2 **Twee** beurtsange.*
   - *6.3 **Twee** geleentheidsliedjies.*

7. *Geestelike liedere:*
   - *7.1* ***Tien*** *psalms/gesange/skrifberyminge of liedere uit die Liedboek.*
   - *7.2* ***Tien*** *geestelike/Gospelliedere.*

8. *Selfgemaakte liedjies:*
   - *8.1 'n Spanlied deur die span/groep gemaak.*
   - *8.2 'n Voortrekkerliedjie deur die span/groep geskryf op die wysie van 'n bekende liedjie of eie komposisie.*

WENK

Afgesien van die tradisionele liedere en wysies kan daar ook gekyk word na rap en nuwe verwerkings van tradisionele liedere.